



# BEWARING IN GRONDEIENAAR SE HANDE

Hoe kan jy 'n bydrae tot bewaring lewer?

## Vrae wat gereeld gestel word

**V:** Is 'n bewaringsarea van toepassing op 'n eiendom in individuele besit, een onder gesamentlike bestuur/met meervoudige eienaars (soos, byvoorbeeld, 'n bewarea), of beide?

**A:** Beide. Dit kan van toepassing wees op 'n enkele eiendom of 'n groep eiendomme, soos 'n bewarea.

**V:** Wat word by basiese voorligtingsdienste ingesluit?

**A:** Advies, ondersteuning en hulp van 'n algemene aard, asook insette in die opstel van bestuursplanne.

**V:** Wie gaan die regskoste vir die opstel van 'n biodiversiteitsooreenkoms dra?

**A:** CapeNature sal alle koste dra.

**V:** Indien ek sou besluit om die biodiversiteitsooreenkoms te beëindig, wat sou die gevolge wees?

**A:** Jy sal aanspreeklik wees vir die totale koste verwant aan CapeNature se bestuursintervensies tot en met die datum van beëindiging.

**V:** Sal daar van my verwag word om bestaande infrastruktuur te verwyder uit die area wat die gekontrakteerde natuurresewaat word?

**A:** Nee, alle bestaande infrastruktuur kan bly.

**V:** Gaan CapeNature onbeperkte toegang tot my eiendom hê indien dit 'n gekontrakteerde natuurresewaat word?

**A:** Nee, maar daar kan binne die ooreenkoms oor bepalinge en voorwaardes rakende toegang onderhandel word.

- BEWARINGSGBIED
- BIODIVERSITEITSOOREENKOMS
- BESKERMDE OMGEWING
- NATUURRESEWAAT

**V:** Is daar Belastingvoordele van toepassing wanneer jou eiendom 'n natuurresewaat word?

**A:** Ja, jy is geregtig op belastingkortings.

**V:** Indien ek my natuurresewaat sou verkoop, sal die beperkings soos in die kontrak uiteengesit op die nuwe eienaar van toepassing wees?

**A:** Ja, dieselfde beperkings sal van toepassing wees.

**V:** Kan ek daarop reken dat CapeNature in die toekoms in staat sal wees om die bepalinge van die ooreengekome kontrak na te kom?

**A:** Ja, CapeNature as medeondertekenaar van die kontrak is wetlik daartoe verplig om die kontrak gestand te doen.

**V:** Gaan die algemene publiek onbeperkte toegang tot my eiendom hê?

**A:** Nee, as grondeienaar bepaal jy die spesifieke reëls vir toegang deur die algemene publiek na gelang van jou behoeftes.

**V:** Kan ek gewone lewende hawe op die beskermde area laat wei?

**A:** Ja jy kan, solank die beweidingskoers vir bewaringsdoeleindes (teenoor kommersiële beweidingskoerse) bepaal word, wat beteken dat beweiding as 'n bestuursmeganisme aangewend word.

VIR MEER BESONDERHEDE, KONTAK JOU NAASTE CAPENATURE-KANTOOR:

## GRONDEIENAARS KAN 'N BELANGRIKE ROL IN DIE BEWARING VAN ONS NATUURLIKE ERFENIS VERVUL.

Tans word die ryk biologiese diversiteit in die Wes-Kaap nie na behore beskerm nie, wat beteken dat dit bedreig word. Dit is gedeeltelik aan gebrekkige hulpbronne toe te skryf, maar ook omdat 80% van die grond waarop belangrike biodiversiteit voorkom nie binne formeel beskermde gebiede val nie, maar op grond wat privaat of gesamentlik besit word. Dit is hier waar JY 'n belangrike rol kan vervul.

Die konsep **VOOGDYSKAP** is 'n nuwe manier waarop bewaringsbeskerming bewerkstellig kan word. CapeNature het 'n toegewyde **Biodiversiteit-voogdyskapprogram** wat 'n wye reeks bewaringsopsies bied en ten doel het om positiewe, pro-aktiewe vennootskappe met jou, die grondeienaar, aan te gaan ten einde jou te ondersteun en aan te moedig namate jy verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur en beskerming van die natuurbates in jou sorg. Ten einde hierdie vorm van bestuur te ondersteun, sal toepaslike voordele aangebied word vir grond wat vir bewaring opsygesit is.



## Watter voorgedyskap opsies is beskikbaar?


Die vier beskikbare opsies is Bewaringsgebiede, Biodiversiteitsooreenkomste, Beskermd Omgewings en Natuurreservate.

- Alle opsies is vrywillig.
- Elkeen sal pasgemaak word na gelang van jou behoeftes as grondeienaar.
- Die hoër kategorieë bied meer aansporings (voordele) en ondersteuning deur CapeNature, maar daar is meer beperkings en die verpligtinge wat op grondeienaars gelê word, is hoër. Dit is belangrik om daarop te let dat jy as grondeienaar ten alle tye eiendomsreg van die grond behou.

## Hoekom JY betrokke moet raak



- Deur betrokke te raak, kan jy help om provinsiale en nasionale teikens vir die bewaring van bedreigde spesies en ekosisteme te behaal;
- Deur natuurlike hulpbronne beter te bestuur, kan ons help om 'n toekoms vir die samelewing te verseker deur watergehalte en produksie in opvanggebiede te verbeter en erosie en vloede in te perk;
- Deur by bewaring op jou grond betrokke te raak, verkry jy toegang tot die ondersteuning en advies van CapeNature se toegewyde personeel;
- Deur jou betrokkenheid kan jy jou inkomstebasis by wyse van geleenthede verwant aan ekotoerisme en bewaring diversifiseer.



## OPSIES

OPSIË	VLAK 1 BEWARINGSGBIED	VLAK 2 BIODIVERSITEITSOOREENKOMS	VLAK 2 BESKERMDE OMGEWING	VLAK 3 NATUURRESERVAAT
<b>Watter opsie is op jou grond van toepassing?</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Enige natuurlike grond is geskik</li> <li>• Indien rare of bedreigde habitats teenwoordig is, kies eerder 'n hoër vlak van bewaringsekuriteit.</li> <li>• Kan dit as toetreevlak tot groter sekuriteit later in die proses gebruik.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geskik vir enige grond wat bewaringswaardig is.</li> <li>• Afgestem op die verbetering van die wyse waarop spesifieke biodiversiteit-eienskappe of -elemente bestuur word.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Van nut wanneer groot landskappe 'n mate van bewaringsbestuur nodig het maar waar dit onnodig of onvanpas sou wees om ander vorme van ekstraktiewe grondgebruik in te perk.</li> <li>• Veelvoudige eiendomme, buffer tot statutêre Beskermd Gebiede.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geprioritiseerde gebiede neffens statutêre reservate of van só 'n omvang dat dit as selfstandige ekosisteme geag kan word.</li> <li>• Bevat spesies, habitats en selfstandige terreine van kritieke belang.</li> </ul>
<b>Regstatus/duur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Buigbare opsie sonder enige gedefinieerde tydperk wat aan die verbintenis gekoppel word.</li> <li>• Registrasie-dokument word deur bewaring-agentskap gehou.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Het regstatus uit hoofde daarvan dat dit 'n wettige kontrak tussen die grondeienaar en die bewaring-agentskap is.</li> <li>• Voorgestelde minimum tydperk is 10 jaar, maar dit kan selfs langer of ewigdurend wees.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wettige verklaring onder die Wet op Beskermd Gebiede.</li> <li>• Die duur vir Beskermd Omgewings wat vir ander doeleindes verklaar word, word nie voorgeskryf nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Minimum van 30 jaar, maar verkieslik ewigdurend.</li> </ul>
<b>Kwalifiserende kriteria?</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Enige grondeienaar(s) wat bereid is om die natuurlike sisteme op hul grond te bewaar.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Terrein moet onderwerp word aan assessering volgens die standaard van die provinsiale agentskap, en daar moet bevind word dat dit biodiversiteit-eienskappe bevat wat as belangrik of as 'n prioriteit vir die provinsie geïdentifiseer is.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die grondeienaar moet bereid wees om hom/haar neer te lê by die verklaring van die area as 'n Beskermd Omgewing, en om die terrein te bestuur (of reeds te bestuur) in ooreenstemming met die norme en standaarde soos voorgeskryf vir 'n Beskermd Gebied, maar met minder beperkings as in die geval van 'n natuurreservaat.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hierdie status sal slegs toegeken word aan terreine waar biodiversiteit en/of proseswaarde van beduidende belang is.</li> <li>• Die grondeienaar moet daartoe instem dat die area as 'n natuurreservaat verklaar word en om die terrein in ooreenstemming met die norme en standaarde te bestuur (of reeds te bestuur) wat vir natuurreservate neergelê is.</li> </ul>
<b>Moontlike beperkings op grondgebruik</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Baie min, maar dit is belangrik dat die area sy natuurlike karakter behou en daar moet 'n plan van stapel gestuur word om uitheemse indringerplante uit te roei.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grond moet op só 'n wyse bestuur word dat dit natuurlike prosesse sal ondersteun.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Geen beperking word op aktiwiteite geplaas nie, behalwe dié wat spesifiek in die geproklameerde verklaring van 'n Beskermd Omgewing afgekondig word.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Grondgebruikregte moet in ooreenstemming wees met die voorwaardes wat in wetgewing rakende Beskermd Gebiede neergelê is.</li> <li>• Toegang en die regte van inwoners is onbeperk.</li> <li>• Eienaars behou eiendomsreg.</li> </ul>
<b>Voordele vir grondeienaars</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Advies en ondersteuning by wyse van basiese voorligtingsdienste</li> <li>• Hulp met die opstelling van bestuursplanne en kartering van plase.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Spesifieke ooreenkomste vir die bestuur van brande, indringerspesies, plante en diere.</li> <li>• Gevorderde voorligtingsdienste (bv. beplanning vir die uitroeiing van indringerplante).</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gevorderde voorligtingsdienste (bv. beplanning vir die uitroeiing van indringerspesies).</li> <li>• Regulering van die landskap se gebruik deur samewerking tussen verskeie grondeienaars.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aanmerklike hulp met habitatbestuur.</li> <li>• Groter erkenning en bemarkingsblootstelling.</li> <li>• Bewaringsowerheid gaan in 'n posisie wees om namens jou voorspraak vir aansporings te maak.</li> </ul>